15 September 2019 — Koninkrykstyd

Welkom by vandag se erediens!

Vandag se program	
Predikant	**Ds. Francois Human**
Orrelis	**Johann Enslin & Marnus Greyling**
Dienswerkers	**Jaco en Bennie van der Merwe**
09:30	**Erediens**
10:45	**Kategese**
19:00	**Aanddiens: Moederkerk**

Sangdiens

Deuroffer:

NID

Musiekstories

Ware verhale en musiek wat ons laat getuig!

Baie dankie en baie welkom aan die volgende mense!

Seniorkoor Die Laerskool Hugo Rust o.l.v. Rita Moodie
Skoolkoor van Hoër Jongenskool Paarl
o.l.v. Stefan van Hansen
(Marissa von Mollendorf – begeleier)
Hugenote Hoërskoolkoor o.l.v. Johann Enslin
André Terblanché - Jan Olivier – Clarina Solomon **Sang**

André Terblanché **Voorleser**

Marnus Greyling **Orrel/klavier**
Johann Enslin **Orrel**
Schalk Wasserman **Slagwerk**
Francois Human **Liturg**

Wilhelm Broodryk, Henk van der Spuy en
Corne de Jonge **Klank**
Marita Coetzee **Administrasie**

Instituut v Dowes

Die Instituut vir Dowes is in 1881 deur die kerk tot stand gebring sodat hulle ook die boodskap van Jesus Christus kon ontvang. Die instituut borg steeds die De La Batskool en die twee gemeentes vir Dowes in die Wes-Kaap. Tans word Dowes ook as sendelinge opgelei om die meer as 400 000 onbereikte Dowes in Suid-Afrika te bedien met die Woord. Agtergeblewe volwasse Dowes otvang vaardigheidsontwikkeling by die Instituut, terwyl 95 meervoudig gestremde volwasse Dowes ook deur die Instituut binne 'n terapeutiese gemeenskap ontwikkel en versorg word. 'n Ouetehuis met 38 Dowes word ook deur die Instituut bedryf. Bid dat al die Dowes in SA ook die geleentheid sal kry om die boodskap van verlossing te ontvang.

40 Dae!

40 DAE – Glo jy nog?
Ester 4:14-16

Jy ken mense wat sê hulle lees nie meer Bybel of gaan kerk toe nie – als is sommer net 'n klomp stories. Maak dit saak dat ons nog kerk toe gaan en Bybel lees en bid? Dit is vir daardie tyd geskrywe. Hierdie storie is vir ons – ons sê God is magtig en ewig – glo jy dit regtig?

Ester wil vir ons iets anders kom sê. Glo ons dat ons met Magtige en Ewige God 'n verskil kan maak? Imagine – stel jou voor 'n land vol liefde en respek vir mekaar. Reik uit na mekaar te midde van alles. Doen iets. Wil jy afbreek of opbou? Ester sê ons moet 'n verskil maak.

Die lied Perhaps Love sê miskien kan liefde 'n verskil maak. Miskien word dit gevra. Ons het 'n rol om te speel met die hulp van 'n Magtige God. Glo ons dit? Glo ons dat God uit die graf uit opgestaan het om vir ons die weg te kom wys?

Jy is hier geplaas om te blom waar jy geplaas is. In swaarkry of vreugde moet ons vir mekaar sê – kom ons blom waar ons geplant is. Jy is deel van God se oplossing.

Gebedsgids

Ciprus: Dank die Here vir al ons hulpbronne hier in Ciprus. Hoewel ons 'n relatiewe klein Bybelgenootskap is, is ons in staat om steeds die mense te bedien. Bid vir meer donasies sodat ons kan voortgaan met hierdie wonderlike werk vir die Ciprus-gemeenskap. Dank die Here vir die Nuwe Testament wat deur die Ministerie van Opvoeding in skole versprei word.
Malta: Bid dat die Here Bybelwerk in hierdie land sal seën en dat sy Woord die harte van Maltese sal bereik. Bid dat ons in die behoeftes van individue sal kan voorsien.
Turkye: Bid steeds vir die traumaberadingprojek wat so 'n verskil maak in baie mense se lewens. Bid vir nog geleenthede om mense op te lei en meer mense te bereik.

Gedenkpilare

Ons is baie opgewonde oor die eerste fase se oprigting van 3 gedenkpilare in die kerk se tuin langs die konsistorie. Elke nis het plek vir twee kissies, en die koste daaraan verbonde is R2600. Indien u belangstel in die koop van 'n nis kan u dit by die kerkkantoor bespreek en betaal. Wanneer dit nodig is om gravering op die granietsteen aan te bring sal die kerkkantoor vir u die nodige reëlings tref, maar u moet die kostes vir die gravering self vereffen, aangesien dit nie by die prys van die nis ingesluit is nie.

Gebedsimfonie

Die Gebedsimfonie (interkerklike gebedsgroep vir herlewing en Wellington se sendelinge) ontmoet weer op Sondag, 15 September by Eerste laan 22, Wellington om 3:30 nm. Ons almal het die verantwoordelikheid om ons gestuurdes in gebed te ondersteun. Almal welkom! "Ons gebede is nie vir die werk nie - dit is die werk." Vars gebedsonderwerpe is beskikbaar. Vir meer inligting, bel ds Attie van Wijk 082 557 9796.

Ruth Slabber (16) – Jean Willemse (16) – Junita Bester (17) – Nico de Villiers (17) – Carina Rautenbach (17) – Heleen Smit (17) – Karin van der Spuy (17) – Junetta Goosen (18) – Renda Walters (18) – Elouise Heydenrych (19) – Theo Heydenrych (19) – Carlien Fourie (20) – Lean Carstens (21) – Christelle Stoop (21) – Carel van der Merwe (21) – Ankia Wessels (21) – DirkieBester (22) – Loekie Luus (22)

Kerkraadsvergadering

Maandag 16 September 2019 in die konsistorie om 18:00 (Let wel vervroegde tyd)

Skole Sluit

Vrydag 20 September – Aangename rustyd – vir diegene wat weggaan – veilige reis!

Arbeidsbediening Sakeontbyt

Donderdag 19 September

Basaar bedrag!

Inkomste 2018: R360 000 (begroot) R344 162 (werklik)
Inkomste 2019: R360 000 (begroot) R359 000 (werklik)
(Met nog vleisverkope wat plaasvind)
Uitgawes 2018: R35 000 (begroot) R40 292 (werklik)
Uitgawes 2019: R50 000 (begroot) R38 517 (werklik)

Ons kan net sê BAIE BAIE DANKIE – ALLE EER AAN ONS HEMELSE VADER.

POEDINGVERKOPE vanoggend net na afloop van die Sangdiens op die stoep van die Onthaalsentrum. R10 per bakkie vir allerheerlike basaar poeding.

Nog te koop!

In die kerkkantoor is sleutelhouers met name oor vanaf die basaar @ R25 elk. Indien dit u naam is, kom koop asb die sleutelhouer.
Die volgende name verskyn daarop nl. Pieter, Sas, Dawid, Pierre, Kabous, Theo, Ernst, Ben, Albertus, Jan, Cassie, Shaun, Charl, MC, De Wet, Jaco, Schalk, Anton, Chris, Jason, Koos, Marius, Bennie, NW, Jean, Steph en Helius.

VLEIS - BASAAR

Daar is nog varktjops, wors en maalvleis oor. Kom koop gerus! Kaartfasiliteit beskikbaar.

16 September – Kerkraadsvergadering
20 September – Skole sluit
1 Oktober – Skole heropen
6 Oktober – Let wel : Erediens begin om 09:00 vir die 4de en volgende jaar se 1ste kwartaal

Hugenote Hoërskoolkoor

18 September 2019 om 19:00

NG Kerkzaal (Moederkerk)
H/v Van Riebeek en Kerkstraat, Wellington

Toegang: R80 (volwassenes) R50 (studente/kinders)

Te koop by Hugenote Hoërskool
Navrae: 021-873-2111 / jenslin@hugenoteskool.co.za

HUGENOTE HOËRSKOOL
HUGUENOT HIGH SCHOOL